

## Betalingskategorieë, faktureringsmetodes en geldestruktuur

Die vyf verskillende betalingskategorieë en hulle verwante faktureringsmetode wat hieronder aangegee word, is beskikbaar wanneer jy van SCS se dienste gebruik maak.

Betaal-stroom	Betalingskategorie	Beskrywing	Faktureringsmetode
1	A	Nagraadse studies	Studenterekening
2	B	Studente van ander universiteite	Formele fakturering
3	C	NWU-departement met befondsing van buite (bv. NNS, bedryf, ens.)	Interne eis
3	D	Privaatsektorcliënte	Formele fakturering
1	E	Personeel	Interne eis

Die volgende geldestruktuur is van toepassing:

Beskrywing van gelde	Tarief per kategorie (BTW uitgesluit)		
	A en E	B en C	D
Beplanning en vraelysbeoordeling	R215 per uur	R965 per uur	R1 680 per uur
Statistiese analise en data-ontginning	R295 per uur	R965 per uur	R1 680 per uur
Hulp met interpretasie van resultate	R295 per uur	R965 per uur	R1 680 per uur
Nagaan van finale verslag	R295 per uur	R965 per uur	R1 680 per uur
Hulp met publikasies	R295 per uur	R965 per uur	R1 680 per uur
Datavaslegging	R0,10 per karakter*		
Datakodering en transkribering	R295 per uur		
Drukwerk	R1,30 per bladsy		

\* Onderhewig aan bykomende koste van R235 per uur as vraelyste genommer moet word en bykomende hanteringsgeld van R2,40 per vraelys as SCS nie die data gaan ontleed nie.

Let wel:

- Bogenoemde tariewe word per halfuur gehef ('n 30-minuut-analise vir kategorie B-klieënte sal byvoorbeeld R482,50 kos).
- Alle gelde is aan verandering onderhewig.
- Alle gelde is aan 'n jaarlikse verhoging onderhewig.
- Kategorie A, B en D is aan 15% BTW onderhewig.

## Betaling van rekening

Die klieënt bly uiteindelik vir die betaling van die rekening verantwoordelik. Ingevolge die NWU-beleid moet alle debiteure binne 30 dae ingevorder word, en SCS behou die reg voor om verdere ontledings of finale aftekening te weerhou op rekeninge wat meer as 30 dae agterstallig is.